

# OORWINNING IN KANAÄN

Adrian Ebens

Kevin J. Mullins

# Oorwinning in

# Kanaän

Adrian Ebens
Kevin J. Mullins

Gedruk deur

VadervanLiefde.com

adrian@life-matters.org

Vertaal na Afrikaans in Februarie 2021

Oorspronklike Engelse uitgawe: Julie 2020

Tensy anders vermeld is Bybeltekse geneem uit die Afrikaanse Bybelvertaling van 1983.

# Inhoud

Konfrontasie met die Werklikheid .......... 4

‘n Kritieke Kwessie wat Almal Moet Oorweeg .......... 5

Satan se Wanvoorstelling van God .......... 7

God se Oorspronklike Plan om Kanaän in te Neem .......... 10

Israel se Vrees vir God .......... 10

‘n Deurslaggewende Oomblik by Amalek .......... 11

Die Oorgeërfde Swaard .......... 13

Alles wat die Here Gesê het, sal Ons Doen .......... 20

Veertig Jaar Later… .......... 21

In Ongehoorsaamheid Slaan Moses die Rots .......... 23

Israel Maak ‘n Gelofte .......... 24

God Gee aan Israel Hul eie Begeertes .......... 26

Onttroning van die Afgod van Tereur .......... 28

Genadelose Oordeel .......... 30

‘n Vugtige Blik op Heerlikheid .......... 31

Aanskou God in die Lig van Christus .......... 33

## Konfrontasie met die Werklikheid

> Deuteronomium 2:34 In daardie tyd het ons al sy stede verower en verwoes. Van hulle mans, vrouens en kinders het ons niemand laat vrykom nie.

Dit is moeilik om sulke gedeeltes te lees sonder dat 'n siddering deur jou siel gaan. Sommige vind die slagting van manskappe aanvaarbaar, maar dit is ondenkbaar om 'n Israelitiese soldaat te sien met 'n deurboorde klein kindjie op die punt van sy swaard. Ek is nie seker hoe jy daaroor voel nie, maar vir my is dit uiters klaaglik. Wat dit erger maak is dat dit lyk of die Bybel nie net sulke aksies goedkeur nie, maar dit gebied.

> Deteronomium 7:2 Wanneer die Here jou God hierdie sewe nasies wat groter en sterker is as jy, in jou mag oorgee en jy hulle verslaan, moet jy hulle om die lewe bring as banoffer aan die Here jou God. Jy mag hulle nie jammer kry en 'n verbond met hulle sluit nie.

> Josua 11:12 Josua het ook al die stede van die ander konings ingeneem en die konings en die mense uitgeroei soos Moses, die dienaar van die Here, beveel het.

> Josua 10:40 Josua het die hele gebied platgeloop, die Bergland, die Suidland, die Laeveld, die Hange, al die konings daar. Hy het niemand laat vrykom nie. Hy het alles wat asem het, uitgeroei, soos die Here die God van Israel beveel het.

Daar word gemeen dat die term *uitgeroei* nie werklik beteken wat ons dink nie (die term *banvloek* word ook gebruik). Waarom word ondertrou met 'n nasie verbied indien hulle totaal van die aarde uitgeroei is?

> Deuteronomium 7:2-4 Wanneer die Here jou God hierdie sewe nasies wat groter en sterker is as jy, (2) in jou mag oorgee en jy hulle verslaan, moet jy hulle om die lewe bring as banoffer aan die Here jou God. Jy mag hulle nie jammer kry en 'n verbond met hulle sluit nie. (3) **Jy mag nie met hulle ondertrou nie: jou dogter mag jy nie aan een van hulle seuns gee nie en vir jou seun mag jy nie een van hulle dogters as vrou vat nie,** (4) want hulle sal jou kinders wegrokkel van die Here af en hulle sal ander gode dien. Dan sal die toorn van die Here teen jou ontvlam en Hy sal jou gou uitdelg.

Hierdie oënskynlike teenstrydigheid kan opgelos word as mens in ag neem dat Israel beveel is om ‘n vredesaanbod aan 'n stad te bring. Indien hulle vrede sou maak, sou die stad se inwoners deur Israel as slawe geneem word en moes hulle afgode en aanbiddingstelsel vernietig word.

> Deuteronomium 20:10-11 Wanneer jy teen 'n stad optrek om daarteen te veg, moet jy 'n vredesaanbod maak. (11) As die stad die vredesaanbod aanvaar en sy poorte vir jou oopgooi, moet al sy inwoners jou dwangarbeiders word en vir jou werk.

> Deuteronomium 7:5 “Maar wat jy met die nasies moet doen, is dit: breek hulle altare af, breek hulle klippilare stukkend, kap hulle gewyde pale in stukkies en verbrand hulle afgodsbeelde.

Selfs indien ons hierdie werk van genade in ag neem, is dit steeds gestroop van die lering van Christus.

> Matteus 26:52 Toe sê Jesus vir hom: “Sit jou swaard terug in sy plek, want almal wat na die swaard gryp, sal deur die swaard omkom.

> Lukas 9: 54 – 56 En toe sy dissipels, Jakobus en Johannes, dit sien, sê hulle: Here, wil U hê ons moet sê dat vuur van die hemel afdaal en hulle verteer, soos Elía ook gedoen het? (55) Maar Hy draai Hom om en bestraf hulle en sê: Julle weet nie van hoedanige gees julle is nie; (56) want die Seun van die mens het nie gekom om die mense se lewe te verderf nie, maar te red. En hulle het na ‘n ander dorp vertrek.

## ‘n Kritieke Kwessie wat Almal Moet Oorweeg

Dit behoort geen verrassing te wees dat die kwessie oor ‘n begrip van die karakter van God ’n worsteling van die gees verg wat geïllustreer word deur die worsteling van Jakob met die Engel. Jakob kon die identiteit van die Een met wie hy geworstel het, nie eien nie. Hy was onder die indruk dat die Engel sy vyand is wat gestuur is om hom te vernietig, terwyl dit in werklikheid sy liefdevolle Verlosser is wat gestuur is om hom te red.

> Genesis 32:34-30 Jakob het alleen daar agtergebly, en 'n man het tot dagbreek met hom gestoei. (25) Toe die man agterkom dat hy nie vir Jakob kan wen nie, het die man, terwyl hy met hom stoei, vir Jakob teen die heup geslaan sodat dit uit die potjie gespring het. (26) Die man het

> vir Jakob gesê: “Los my, want die dag breek.” Jakob het geantwoord: “Ek sal jou net los as jy my seën.” (27) Toe vra die man: “Wat is jou naam?” en hy antwoord: “Jakob.” (28) Die man het gesê: “Jy sal nie meer Jakob genoem word nie, maar Israel, want jy het teen God en teen mense 'n stryd gevoer en jy het dit end-uit volgehou.” (29) Toe sê Jakob: “Sê my tog jou naam,” en die man vra: “Waarom vra jy my naam?” Hy het vir Jakob net daar geseën, (30) en Jakob het die plek Pniël genoem, “want,” het hy gesê, “**ek het God van aangesig tot aangesig gesien** en tog het ek nie omgekom nie.”

> Johannes 1:1,2,14,18 In die begin was die Woord daar, en die Woord was by God, en die Woord was self God. (2) Hy was reeds in die begin by God… (14) Die Woord het mens geword en onder ons kom woon. Ons het sy heerlikheid gesien, die heerlikheid wat Hy as die enigste Seun van die Vader het, vol genade en waarheid… (18) **Niemand het God ooit gesien nie. Sy enigste Seun, self God, wat die naaste aan die Vader is, dié het Hom bekend gemaak.**

Jakob het God van aangesig tot aangesig gesien in die persoon van sy eniggebore Seun, maar hy het dit nie geweet voordat hy oorwin het nie. Daar was net een rede waarom Jakob daardie stryd verduur het. Christus het hom gevra, "Wat is jou naam?" Hy het Jakob tot besinning gebring aangesien sy naam “die Bedrieër” beteken. Hy het die eersgeboortereg van sy broer gesteel en sy vader mislei om hom te seën. Nou smeek Jakob dat hierdie hemelse Boodskapper hom moet seën. Nadat Christus die heup van Jakob uit sy potjie geslaan het, kon Jakob net op sy Verlosser steun vir stabiliteit in sy liggaam terwyl hy hierdie seën afgesmeek het. Jakob het hier geleer dat God altyd barmhartig is; daarom het hy hom op daardie barmhartigheid beroep. So het Christus Jakob se naam verander na “Israel” wat “oorwinnaar” beteken of “om mag te hê, as ‘n vors”.

Slegs diegene wat vashou aan die begrip dat ons ‘n barmhartige God dien, sal die vrymoedigheid hê om deur te druk sodat hulle die seën van Christus ontvang, soos Jakob ook gedoen het. Hierdie oënskynlike stryd wat ontstaan tussen die verhale van die Ou Testament en die uitsprake van Christus in die Nuwe Testament, maak 'n deur in ons gedagtes oop vir die saad wat deur Satan geplant is, dat God nie barmhartig is nie. Ons word gekonfronteer met

'n skynbare teenstrydigheid wat sal lei tot 'n groot sielewroeging met ons Verlosser indien ons nie besef het dat ons Vader barmhartig is en dat ons op Sy barmhartigheid kan staatmaak nie. Die wrok wat in die siel vasskop sal vorendag kom wanneer hierdie verhale gelees word. Mense soos Richard Dawkins, Stephen Fry en ander lewer getuienis van hierdie bitter saad wat uit die leuen van Satan ontstaan het. Dit is 'n leuen wat God voorstel as 'n genadelose diktator, wat veroorsaak dat baie mense Hom haat en uiteindelik God in hul gedagtes teregstel. Die prediking van hierdie ateïste dat God arbitrêr, gewelddadig en wreed is, veroorsaak dat baie mense glad nie meer in Sy bestaan glo nie.

Daarenteen verklaar sommiges dat die karakter van God wel barmhartig is, deur soos ons moeder Eva, toe te voeg tot die lering van die Woord van God. Sommige swig voor misleiding in die vorm van universalisme wat leer dat almal gered sal word. Ander neem 'n hoër kritiese benadering aan en stel voor dat die mense van die Ou Testament “die beste gedoen het wat hulle destyds kon.” Hoe dit ook al sy, vertroue in die eenvoudige uitleg van die Skrif word afgeskaal en die slang word toegelaat om die siel met sy bedrogspul te verstrengel.

## Satan se Wanvoorstelling van God

Satan het die karakter van God van die begin af verkeerd voorgestel.

> Johannes 8:43, 44 Waarom begryp julle nie wat Ek sê nie? Omdat julle my boodskap nie kán verstaan nie! (44) Julle is kinders van die duiwel; hy is julle vader, en julle wil doen wat julle vader wil hê julle moet doen. **Hy was van die begin af 'n moordenaar**. En hy staan nie aan die kant van die waarheid nie, omdat daar geen waarheid in hom is nie. Wanneer hy leuentaal praat, is dit volgens sy aard, **want hy is 'n leuenaar en die vader van die leuen.**

Dit was van die begin af Satan se idee om God voor te stel met sy eie Sataniese eienskappe, sodat mense Hom sou verwerp.

> 1 Petrus 5:8 Wees nugter, wees wakker! Julle vyand, die duiwel, loop rond soos 'n brullende leeu, op soek na iemand om te verslind.

Dit is Satan wat probeer verniel en verslind. Hy sal alles in sy misleidende vermoë doen om ons te verblind vir God se genade, sodat ons Hom as 'n bloeddorstige tiran beskou.

> Esegiël 36:16-21 Verder het die woord van die HERE tot my gekom en gesê: (17) Mensekind, toe die huis van Israel in hulle land gewoon het, **het hulle dit verontreinig met hul wandel en met hul handelinge;** hulle wandel was voor my aangesig soos die besoedeling van die maandelikse onreinheid. (18) Daarom het Ek my grimmigheid oor hulle uitgegiet, **vanweë die bloed wat hulle in die land vergiet het**, terwyl hulle dit met hul drekgode verontreinig het. (19) En Ek het hulle verstrooi onder die nasies en hulle is versprei in die lande; Ek het hulle geoordeel **volgens hul wandel en hul handelinge**. (20) En toe hulle by die nasies kom waarheen hulle getrek het, **het hulle my heilige Naam ontheilig** deurdat van hulle gesê is: Hierdie mense is die volk van die HERE, en hulle moes uit sy land uittrek. (21) Toe het dit My ter harte gegaan om **my heilige Naam** ontwil **wat die huis van Israel ontheilig het onder die nasies** waar hulle gekom het.

Wanneer God sê dat hulle "my heilige Naam … ontheilig het onder die nasies" het Hy nie aangedui dat sy heilige Naam verkeerd uitgespreek is nie. Soos ons in Jakob se geval gesien het, verwys die Hebreeuse konsep van "naam" na sy karakter. Hulle het sy karakter ontheilig, nie net deur hul afgode nie, maar ook deur "die bloed wat hulle in die land vergiet het." God dui Sy naam aan:

> Exodus 33:17,18 Daarop vra hy [Moses]: Laat my tog u heerlikheid sien. (19) Maar Hy antwoord: Ek sal al my **majesteit** [KJV: **goodness**] by jou laat verbygaan en **voor jou die Naam van die HERE uitroep**; maar Ek sal **genadig wees** vir wie Ek genadig wil wees, en **My ontferm** oor wie Ek My wil ontferm. [Woorde in hakies bygevoeg]

God se naam (karakter) word openbaar deur sy majesteit (of goedheid), want Hy is "genadig" en Hy "ontferm" Hom. God het dit aan Moses openbaar, omdat hy gevra het om God se "heerlikheid" te sien. Die heerlikheid van God is dus die openbaring van sy heilige eienskappe. Dit is wat die huis van Israel nie ervaar het nie en ook nie aan die nasies geopenbaar het nie.

Dit is Satan wat die mensdom inspireer om sonder genade te vernietig, ongeag geslag of ouderdom. Die groot toets is om te weet hoe om die Skrif getrou te lees, sonder om dit te verdraai, sodat hierdie werklikheid geopenbaar word. Indien ons ernstig is, sal ons ons Verlosser soms ervaar as ‘n vyand wat ons wil skade berokken, maar as ons die barmhartigheid van God leer ken, sal ons vas bly staan totdat ons die seën ontvang. Dit is my diepe oortuiging dat, indien ons nie die karakter van ons God reg verstaan nie, sal ons toelaat dat Satan seëvier, aangesien ons nooit die moeite gedoen het om die waarheid te leer ken nie. Ons moet die waarheid van ons Vader se karakter ken. Dit is 'n geweldige dringende werk indien ons aan die einde van tye onder die Laatreën verseël wil word. Aangesien dit Satan se eerste werk was om die karakter van God verkeerd voor te stel, sal die laaste boodskap aan die wêreld 'n openbaring van die karakter van sy liefde wees.

> Openbaring 18:1 Hierna het ek 'n ander engel uit die hemel uit sien afkom. Hy het groot gesag gehad, en die aarde is deur sy heerlikheid verlig.

Hierdie engel wat uit die hemel neerdaal verteenwoordig 'n finale boodskap wat aan die wêreld gegee word deur God se mense in die laaste dae. Die aarde moet verlig word met “Sy heerlikheid”. Hierdie heerlikheid kom slegs van ons hemelse Vader. Dit is God se heerlikheid (karakter) wat die hele wêreld sal verlig terwyl Sy volk hierdie laaste boodskap van barmhartigheid verkondig aan 'n wêreld wat in donkerte gehul is. Die lig word gebring deur 'n openbaring van God se ware karakter van liefde. Baie vertolk sy karakter verkeerd.

> Jesaja 40:9-10 Klim op 'n hoë berg en roep hard, Sion, jy wat die goeie tyding moet bring; roep hard, Jerusalem, jy wat die goeie tyding moet bring, moenie bang wees nie. Sê vir die stede van Juda: **“Julle God is hier!”** Die Here God kom, Hy is die Magtige, Hy regeer. Hy bring die volk saam wat Hy Syne gemaak het, dié wat aan Hom behoort, is by Hom.

Ons moet aan die mense die nuus deurgee, “Julle God is hier!” Hy kom as “die barmhartige en genadige God, lankmoedig, vol liefde en trou.” (Eksodus 34:6).

## God se Oorspronklike Plan om Kanaän in te Neem

God het die Israeliete ingelig omtrent Sy plan om Kanaän in te neem:

> Exodus 23:27-30 Ek sal my skrik voor jou uit stuur en elke volk waarby jy kom, in verwarring bring. En Ek sal al jou vyande vir jou laat vlug. (28) **Ook sal Ek perdebye voor jou uit stuur; dié sal die Hewiete, Kanaäniete en Hetiete voor jou uit verdrywe.** (29) Ek sal hulle nie in een jaar voor jou uit verdrywe nie, dat die land nie woes word en die ongediertes nie teen jou te veel word nie. (30) Ek sal hulle so langsamerhand voor jou uit verdrywe, totdat jy vrugbaar word en die land beërwe. (1953 Afrikaanse Bybel)

Hier word nie melding gemaak van die gebruik van die swaard nie. Israel het uit Egipte gevlug en het die Egiptenare oorwin sonder die gebruik van enige swaarde. God het gesê, "Ook sal Ek perdybye voor jou uitstuur; dié sal die Hewiete, Kanaäniete en Hetiete voor jou uit verdrywe." Hy het nooit opdrag gegee om geweld te gebruik of oorlog te voer nie.

## Israel se Vrees vir God

God se plan was om Homself aan Israel te openbaar deur hulle redding uit Egipte. Hy wou hulle leer om op Hom te vertrou. Gedurende hul verblyf in Egipte was hulle omring deur 'n gees van tirannie. Hulle is beïnvloed deur die voorbeeld van die Hebreeuse kinders wat in die Nylrivier gegooi is, asook deur hul harde ondervindings tydens hul slawerny in Egipte. Dit het veroorsaak dat hulle God beskou het as 'n harde tiran wat enige tyd teen hulle kon draai en hulle kon vernietig. Ons sien hierdie vrees reg van die begin af na vore kom:

> Eksodus 14:11 Hulle het vir Moses gesê: "Is daar nie begraafplek in Egipte nie dat jy ons saamsleep om in die woestyn te sterwe? Wat het jy ons aangedoen dat jy ons uit Egipte laat trek het?

Hierdie vrees het ontstaan in die tuin van Eden toe Satan Adam oortuig het dat God hulle sou kom doodmaak, toe God aangedui het dat hulle sekerlik sou sterf.

> Genesis 3:10 En die mens antwoord: "Ek het U hoor wandel in die tuin en ek het bang geword, want ek is kaal. Toe het ek weggekruip."

Israel het hulle vrees vir die God wat hulle aan hulself voorgestel het, verberg, deur Moses aan te kla. Tog was dit duidelik dat Moses die volk nie deur eie krag uitgelei het nie. Satan het die mense versoek om te dink dat God hulle in die woestyn wou doodmaak. Hierdie versoeking was slegs moontlik vanweë hulle valse begrip van die karakter van God. Hierdie vrees het steeds gegroei in die Israeliete:

> Eksodus 16:3 …het die hele volk… gesê: "**As ons maar liewer in Egipte omgekom het deur die hand van die Here** terwyl ons by die vleispotte kon sit en oorgenoeg kos kon hê om te eet! Nou het julle ons laat wegtrek tot in hierdie woestyn om die hele volk van honger te laat omkom."

Hier stel die Israeliete dit duidelik dat hulle 'n vrees vir God koester en dat hulle wens dat hulle deur Sy hand in Egipte omgekom het, eerder as om die huidige krisis in die gesig te staar. Hulle het duidelik nie die Here vertrou nie en hul denke aangaande die ware karakter van God was heeltemal verblind deur Satan.

## 'n Deurslaggewende Oomblik met Amalek

Die volgende hoofstuk in Eksodus vertel hoe Israel hul wanopvatting van God verder uitbrei.

> Eksodus 17:3-4 Maar die volk was dors en hulle het vir Moses verwyt: "Waarom het jy ons uit Egipte laat optrek om ons en ons kinders en ons vee van dors te laat omkom?" Daarna het Moses tot die Here geroep: "Wat moet ek met hierdie volk aanvang? Netnou gooi hulle my met klippe dood."

Hulle hou aan om te murmureer, deur Moses en daarom ook God, te verwyt en te beskudig dat hul sou omkom. Hulle wanopvatting van God, gebore uit hul afgodery, begin oorgaan na dreigemente om Moses dood te maak. Deur hierdie wanopvatting van 'n gewelddadige God word hulle verander na dieselfde beeld en daarom word daar gewelddadige dreigente gemaak teen

die man wat deur God gebruik is om hulle te red uit die hande van die Egiptenare.

Die aanhoudende klagtes en teenstribbeling en wantroue in God plaas Hom in ‘n posisie waar Hy hulle al hoe minder kan beskerm. Hulle begin al hoe meer om Satan te kies as hul meester en daarom kan Satan toegang eis om hulle te vernietig. Ons sien die verbintenis tussen die klagtes oor water en die aanvalle van die Amalekiete soos volg:

> Exodus 17:7-8 …en die plek Massa en Mériba genoem vanweë die twis van die kinders van Israel en omdat hulle die HERE versoek het deur te sê: Is die HERE in ons midde of nie? (8) **Daarop** het Amalek gekom om teen Israel by Ráfidim te veg. (1953 Afrikaanse Bybel)

Hulle het hulself buite die beskermende muur van God geplaas deur hulle ongeloof en dit het gelei tot oorlog met hul vyande. God het dit toegelaat om hulle te verootmoedig (as jy wil kan jy dit vertolk dat hul geestelike heup uit potjie geslaan is), sodat hulle, soos Jakob, tydens hul nood alleenlik op Hom sou leun.

Die “getwis” van die kinders van Israel, oftewel hulle stryerige ontevredenheid teenoor God, het 'n deur vir Satan oopgemaak om die Amalekiete aan te moedig om hulle aan te val. Dit sou nie gebeur het as Israel op die Here vertrou het nie. Die Amalekiete sou te bang gewees het om hulle aan te raak. Daar is geen bewyse dat Israel berou het oor hul sonde teen God nie. Hulle het 'n valse siening van God, as 'n tiran wat hulle wou vermoor, gehad. Daar is geen tekens van dankbaarheid oor die water wat hulle van God ontvang het nie. Daar is geen verskoning aan Moses of enige dankbetuiging aan hom gebring dat hy vir hulle ingetree het oor die water-situasie nie. Daar is niks hieroor op rekord nie. Die Israeliete het gedreig om Moses dood te maak. Kan ons ons voorstel hoe dit Moses moes seergemaak het? Hy kon in die kalmte van sy woestynwoning gebly het om na sy gesin en sy kuddes om te sien. Hy het moontlik ook die ondankbaarheid aangevoel wat hulle teenoor God getoon het. Dit moes 'n groot beproewing vir hom gewees het. Binne hierdie denkraamwerk ontvang hy daarna die nuus dat die Amalekiete die swakkes aanval en vermoor. Wat volgende gebeur, is van

kardinale belang. Dit is 'n besluit wat onder ontmoedigende omstandighede en onder druk geneem is.

> Eksodus 17:8-9 Toe die Amalekiete by Refidim teen Israel kom veg het, het Moses vir Josua gesê: “Kies vir ons manskappe en gaan veg môre teen die Amalekiete. Dan sal ek op die top van die heuwel gaan staan met die kierie wat God my gegee het, in my hand.”

## Die Oorgeërfde Swaard

Dit sê nie, “En die Here het Moses beveel” nie. Dit dui nie aan dat Moses in die heiligdom ingegaan het en gepleit het by God nie. Dit dui doodeenvoudig aan dat Moses aan Josua opdrag gegee het om te gaan oorlog voer. Wanneer ek hierdie beeld van Moses, wanneer hy Josua benader, oproep in my gedagtes, gaan alles in stadige aksie en my denke word ook teruggebring na die nag toe Abraham sy nefie Lot gered het met behulp van oorlogvoering.

Abraham was oor die algemeen ‘n man van vrede. In Genesis 20 word vertel hoe Abraham sy vrou gevra het om te sê dat sy sy suster is, net om ‘n konfrontasie met die konings van Egipte te vermy. In Genesis 13 word vertel van onenigheid tussen Abraham se skaapwagters en dié van Lot. Abraham stel ‘n vredevolle oplossing voor:

> Genesis 13:8-9 Toe sê Abram vir Lot: “**Daar behoort nie 'n getwis te wees** tussen my en jou en tussen my veewagters en joune nie, want ons is familie. Die hele land lê oop voor jou. Gaan jy liewer weg van my af. As jy links gaan, gaan ek regs; en as jy regs gaan, gaan ek links.”

Ongelukkig lees ons in Genesis 14 van oorlog in die omringende gebiede waar Lot gewoon het. Die gevolg was dat Lot gevange geneem is.

> Genesis 14:14-16 Toe Abram hoor dat sy familielid weggevoer is, **het hy sy volgelinge,** drie honderd en agtien slawe wat by hom gebore is, **hulle wapens laat vat** en die konings agtervolg tot by Dan. (15) Die nag het Abram en sy manne hulle van verskillende kante af aangeval **en verslaan**. Hy het hulle agtervolg tot by Goba, noord van Damaskus. (16) Abram het al die besittings teruggekry. Hy het ook vir Lot, sy familielid, met al sy besittings teruggekry, ook die vrouens en al die ander mense.

Weereens lees ons nie “En die Here het Abraham beveel…” nie. Was die Here tevrede met Abraham se optrede? Mens sou so dink omdat die hoërpriester Melgisedek na Abraham gekom het en hom geseën het. Was die seën ‘n beloning, of was dit ‘n troos vir die ontstellende gedagtes oor die hoeveelheid manne wat deur sy hand gesterf het? Daar word na Melgisedek verwys as die “koning van Salem” wat “vrede” beteken. Dit mag ‘n vroeëre naam van Jerusalem wees, wat “stad van vrede” beteken. Sou hierdie koning van vrede Abraham seën vir sy strydlustige oorlogsdade? Toe Abraham hierdie stede genader het, het hy hulle eers met ‘n vredesverklaring genader? Het Abraham die land verontreinig met “die bloed wat hy in die land vergiet het”? Indien Abraham meer geduld aan die dag gelê het, sou God dalk perdebye gestuur het om sy vyande te verjaag, of sou God dalk engele gestuur het om Lot te red, soos wat gebeur het in Genesis 18 en 19? Een ding is seker: die beskrywings van die geloofsaksies van Abraham in Hebreërs 11 noem nie die redding van Lot nie.

Abraham, wie ‘n posisie soortgelyk aan Adam beklee het, dui die rigting aan vir oorerflike neigings aan opkomende geslagte. Deur die gebruik van die swaard sou hy ‘n gruwelike duisternis oor sy nageslag bring. Hy het dit daardie skrikwekkende nag aangevoel terwyl hy ‘n vreesaanjaende toekoms deurdink het, omdat hy die swaard opgeneem het.

> Genesis 15:12 Teen sononder het 'n diep slaap Abram oorval; angs, 'n groot donkerte het hom oorweldig.

Let op die skuldgevoel wat Elia gehad het nadat hy die swaard opgeneem het teen die profete van Baäl:

> 1 Konings 19:1-4 Agab het vir Isebel vertel wat Elia alles gedoen het, **ook dat hy al die profete om die lewe gebring het**. (2) Toe het Isebel 'n boodskapper na Elia toe gestuur om vir hom te sê: “Mag die gode my om die lewe bring as ek nie môre teen hierdie tyd met jou gemaak het soos jy met die profete nie.” (3) Elia het bang geword en ter wille van sy lewe gevlug. Toe hy by Berseba in Juda kom, het hy sy slaaf daar agtergelaat. (4) Hy self het egter 'n dagreis ver die woestyn in gegaan. Daar het hy onder 'n besembos gaan sit en **gewens hy gaan dood. Hy**

> **het gesê: “Nou is dit genoeg, Here! Neem my lewe, want <u>ek is niks beter as my voorvaders nie</u>.”**

Die sewende hoofstuk van die boek Hebreërs vertel ons dat Jesus, die Prins van Vrede, ook die hoërpriester is volgens die orde van Melgisedek. Soos vroeër reeds genoem, het Jesus vir Petrus oor sy gebruik van die swaard tereggewys. Hulle het die werklike betekenis van Sy woorde misverstaan toe Hy gesê het, “Maar nou, wie 'n beursie het, moet dit saamneem, en net so ook 'n reissak. **En wie nie 'n swaard het nie, moet van sy klere verkoop en een aanskaf**.” (Lukas 22:36). Hulle het gedink dat Hy van ‘n letterlike swaard praat. Let op hoe die *Afrikaanse Bybel vir Almal* dit stel in vers 38: “Toe sê die dissipels: ‘Here, kyk ons het twee swaarde.’ Maar Jesus het gesê: ‘Nee, daaroor sal ons nie weer praat nie.’ ” Die *1953 Afrikaanse Bybel* dui Jesus se woorde aan: “Dit is genoeg.” ‘n Oorsigtelike lees van hierdie woorde mag mens lei om te glo dat Jesus hul gebruik van die swaard goedgekeur het deur aan te dui dat twee swaarde genoeg is. Jesus se werklike gesindheid teenoor die gebruik van die swaarde word na vore gebring deur wat daarná gebeur:

> Lukas 22:49-51 Toe dié wat saam met Jesus was, sien wat gaan gebeur, vra hulle: “Here, moet ons hulle met die swaard aanval?” (50) Een van hulle slaan toe na die slaaf van die hoëpriester en kap sy regteroor af. (51) **Maar Jesus sê: “Hou op daarmee!” Daarna het Hy die oor aangeraak en hom genees.**

In Matteus is daar ‘n byvoeging:

> Matteus 26:52 Toe sê Jesus vir hom: “Sit jou swaard terug in sy plek, want almal wat na die swaard gryp, sal deur die swaard omkom.

Die naam “Melgisedek” beteken “koning van geregtigheid.” Johannes sien Jesus in ‘n visioen terwyl Hy op ‘n wit perd ry en sê, “Hy oordeel en voer oorlog in geregtigheid.” (Openbaring 19:11, 1953 Afrikaanse Bybel). Hoe oordeel Jesus en hoe voer Hy oorlog in geregtigheid? Nie deur geweld nie, maar deur Sy Woord:

> Johannes 12:47-48 En as iemand na my woorde luister en hom nie daaraan steur nie, **veroordeel Ek hom nie**, want Ek het nie gekom om die wêreld te veroordeel nie, maar om die wêreld te red. (48) Wie My

> verwerp en nie my woorde aanneem nie, het reeds iets wat hom veroordeel: **die woorde wat Ek gespreek het, sal hom op die laaste dag veroordeel.**

Die stryd waarin God betrokke is, is ‘n woordestryd – Satan se woord teen God s’n. God doen niks buiten geregtigheid nie. Oordeel binne die raamwerk van geregtigheid doen geen skade aan enigiemand en bring nie die dood nie:

> Spreuke 11:4-6 Rykdom baat nie wanneer die Here straf nie; **om te lewe volgens sy wil, red van die dood**. (5) Die gehoorsaamheid van die opregte maak sy pad gelyk; <u>wie verkeerd doen, kom daardeur tot 'n val.</u> (6) Die betroubaarheid van eerlike mense red hulle; <u>onbetroubare mense word deur hulle hebsug gevang</u>.

> Spreuke 12:28 Gehoorsaamheid aan God lei tot die lewe, dit is 'n pad wat nie na die dood lei nie.

Hoe oorwin God sy vyande in die oorlog? Nie deur straf, marteling of die dood oor hulle te bring nie, maar deur sy vyande in vriende te omskep. Geregtigheid vernietig nie die persoon nie; dit maak “die sondige mens” dood (Deuteronomium 32:39; Romeine 6:6-11) en “red van die dood.” God oorwin en neem "wraak" op die bose deur altyd goed te doen.

> Romeine 12:17-21 Moenie kwaad met kwaad vergeld nie. Wees goedgesind teenoor alle mense. (18) As dit moontlik is, sover dit van julle afhang, leef in vrede met alle mense. (19) Moenie self wraak neem nie, geliefdes, maar laat dit oor aan die oordeel van God. Daar staan immers geskrywe: “Dit is mý reg om te straf; Ék sal vergeld,” sê die Here. (20) “**As jou vyand honger is, gee hom iets om te eet; as hy dors is, gee hom iets om te drink**; want deur dit te doen, maak jy hom vuurrooi van skaamte.” (21) Moet jou nie deur die kwaad laat oorwin nie, maar **oorwin die kwaad deur die goeie**.

God se oordeel in geregtigheid sal lei tot vrede, nie oorlog nie.

> Jesaja 2:4 Hy sal oordeel tussen die nasies, regspreek oor baie volke. Hulle sal van hulle swaarde ploegskare smee en van hulle spiese snoeiskêre. Die een nasie sal nie meer die swaard teen die ander opneem nie, en hulle sal nie meer leer om oorlog te maak nie.

My gedagtes gaan terug na die dorpie Sigem waar die swaarde wild geswaai is deur Abraham se agterkleinseuns Levi en Simeon wat wraak geneem het op die verkragting van hul suster. Hulle het op bedrieglike wyse 'n vredesverdrag voorgestel, met die belofte dat, indien Hemor, sy seun Sigem en al die mans in die huishouding besny word, hulle met die Hebreeuse dogters kon trou. Hulle sou almal kon ondertrou en een huishouding word.

> Genesis 34:25-29 Drie dae later toe hulle baie pyn gehad het, het Jakob se twee seuns Simeon en Levi, die broers van Dina, elkeen sy swaard gevat en sonder om agterdog te wek, die stad ingegaan en al die mans doodgemaak, (26) ook vir Gamor en sy seun Sigem. Hulle het vir Dina uit Sigem se huis uit weggevat en uit die stad uit gegaan. (27) Jakob se seuns het toe op die slagoffers toegesak en die stad geplunder omdat hulle suster daar onteer is: (28) kleinvee, beeste, donkies, alles in die stad en alles in die veld het hulle vir hulle gevat. (29) Ja, hulle het alles geplunder wat daar in die stad was, hulle het alles wat in die huise was, buitgemaak; ook die kinders en vrouens is as gevangenes saamgevat.

Die saad van Abraham se redding van sy neef Lot het in groter mate uiting gevind in die lewe van Levi and Simeon, aangehits deur die bedrog van hul ander broers om die Sigemiete te laat besny. Jakob kon dit waarlik betreur dat sy nageslag in die oë van die Kanaäniete en Feresiete veragtelik sou wees. Omdat hulle die swaard opgeneem het, sou die swaard hulle deur die geslagte heen volg. Let op na Jakob se teregwysing:

> Genesis 34:30 Toe sê Jakob vir Simeon en Levi: "Julle het my in die moeilikheid gebring, want julle het my naam sleg gemaak by die mense van hierdie land, die Kanaäniete en die Feresiete. Ek het maar 'n klein klompie mans by my. As die mense van die land almal saamstaan teen my, sal hulle my en my mense verslaan en ons om die lewe bring."

Het die oorvertelling van die verhaal van hul voorvader, wie opgestaan het ter wille van hul suster om die manne van Sigem te verslaan, 'n effek gehad op die kinders van Levi? Sou hulle in die versoeking kom om trots te wees op wat hul voorvader gedoen het om hul suster te beskerm? Sou Satan aan hulle die voorstel gemaak het dat hulle regverdig, uit selfverdediging, opgetree het? Sou hierdie voorstelling van die geskiedenis 'n makliker uitweg wees, as

om te erken dat hul voorvader ‘n koelbloedige moordenaar was en hierdie skuld deur die geslagte heen oorgedra word?

Hierdie geskiedenis, in totaliteit, loop nou in die voetspore van Moses na Josua. My gedagtes verskuif na ‘n geval vroeër in die lewe van Moses. ‘n Soortgelyke versoeking om “een van sy eie mense” te beskerm het oor Moses gekom toe die Egiptiese slawe-opsigter een van sy eie mense, ‘n Joodse man, geslaan het. Die luide roep van sy voorvader Levi het na vore gekom in volle verontwaardiging. Moses het die Egiptenaar doodgeslaan en sy woede het bedaar. Tog het Moses op die ingewing van die oomblik opgetree. Hy het aangeneem dat God hom as oorwinnende kryger aangestel het om sy mense te red. Tog het God nooit beplan om sy werk deur geweld of oorlogvoering te doen nie.

> Sagaria 4:6 …“Hier is die boodskap van die Here aan Serubbabel: Nie met mag en krag sal jy slaag nie, maar deur my Gees, sê die Here die Almagtige.”

Het die veertig jaar in die woestyn Moses verlos van die versoeking om sy eie mense te beskerm deur sy eie besluite? Het Moses reeds verneem dat Amalek sommige van die swakkeres in die laer verslaan het? Net voor sy dood het Moses dit weer teruggeroep:

> Deuteronomium 25:17-19 “Jy moet onthou wat Amalek jou aangedoen het toe julle uit Egipte getrek het. (18) Hy het jou van agter af aangeval toe jy moeg en uitgeput was, **en hy het almal wat nie kon byhou nie, om die lewe gebring** sonder om hom aan God te steur. (19) Wanneer die Here jou God jou die oorwinning laat behaal het oor al jou vyande rondom jou en jy rustig woon in die land wat die Here jou God aan jou gee as jou eiendom en jy dit besit, moet jy die naam van Amalek van die aarde af uitwis. Jy mag nie vergeet om dit te doen nie.”

Het dit alles saamgeval volgens die planne van Satan om Israel te versoek om weereens die swaard op te neem, om daardeur Israel in oneer te bring in die oë van die wêreld? Het Satan dit alles beplan sodat die karakter van God deur die eeue heen verkeerd voorgestel kon word? Die Israeliete het self nie die karakter van God verstaan nie. Was die opneem van die swaard die manifestasie van die God wat Israel gedink het hulle dien? Indien hierdie

veronderstelde God nie eers vir hulle water kon verskaf wanneer dit nodig was nie, hoe sou Hy in die minste bekommerd wees dat hulle aan die hand van die Amalekiete sou sterf?

Ons het gesien dat God nooit oorlog in gedagte gehad het om die Beloofde Land in te neem nie. Is dit daarom veilig om tot die gevolgtrekking te kom dat hierdie dade van Josua, sonder opdrag of gebed, om die Amalekiete met die swaard aan te val, iets was wat glad nie deur God beplan is nie? Dit is duidelik in die groot stryd wat plaasgevind het en die lang smeekgebede wat benodig was om die oorwinning teen die Amalekiete te behaal, dat dit nie God se oorspronklike bedoeling was nie. Nogtans het God toegelaat dat hulle hierdie pad stap, want die meeste van hulle het God beskou as 'n gewelddadige en oorlogsugtige God. Toe Satan toegelaat is om die Egiptenare uit te wis, het hy hulle wys gemaak dat dit hulle God is wat hierdie dinge doen. Die gebeure rondom die plae in Egipte word verduidelik in die boekie *Calvary in Egypt*.

Wanneer so 'n stap geneem is, sal dit moeilik wees om nie weer die swaard op te neem nie. Na die gebeure met Amalek het God 'n beroep op hulle gedoen dat Hy 'n ander weg het wat nie die gebruik van die swaard insluit nie. (Eksodus 23:27-30), maar totdat Israel die ware karakter van God leer ken, sou hulle in die versoeking kom om die swaard weer en weer op te neem.

In die verhaal van Korag, Datan en Abiram en die 250 vorste sien ons hoe hierdie vrees vir 'n God wat hulle in die woestyn wou doodmaak, daartoe lei om ander leierskap te soek as Moses en Aäron. Toe hulle op die grens van Kanaän gekom het, het hulle 'n bose verslag oor die land teruggebring, want hulle kon nie glo dat God hulle liefhet en aan hulle sou goeddoen nie. Hulle het God se beskerming en sorg geïgnoreer en het op enigiets negatief gefokus. Satan kon hulle op hierdie gebied maklik versoek, want hulle het geglo in 'n God wat doodmaak en wat enige tyd van bui verander. Elke keer as Satan toegelaat is om deur die beskermende muur te breek en hulle skade aan te doen, het hy hulle vertel dat God hulle direk straf deur Sy eie hand. Hoe hartseer moes dit vir God gewees het dat sy mense bereid was om sulke leuens omtrent Hom te glo.

> Numeri 14:2-3 Al die Israeliete was in verset teen Moses en Aäron, en die hele vergadering het vir hulle gesê: "As ons maar in Egipte of in hierdie woestyn gesterf het! (3) **Waarom het die Here ons na hierdie land toe gebring? Net om doodgemaak te word? Ons vrouens en kinders sal krygsgevangenes word**. Is dit nie vir ons beter om na Egipte toe terug te gaan nie?"

> Numeri 14:22-23 …nie een van die manne wat my mag en die wonders wat Ek in Egipte en in die woestyn gedoen het, gesien het, **en wat My nou oor en oor getart het en nie na my woorde geluister het nie**, (23) sal die land wat Ek met 'n eed aan hulle voorvaders beloof het, sien nie. Nie een van hulle wat My geminag het, sal die land sien nie.

Toe Israel meegedeel is dat hulle nie kan optrek om die land in besit te neem as gevolg van hulle sonde nie, het hulle weer gerebelleer en besluit om wel te gaan veg, terwyl God geen opdrag gegee het om te gaan veg nie.

## Alles wat die Here Gesê het, sal Ons Doen

Nog 'n aanduiding dat dit nie God se begeerte was om die Land van Kanaän deur oorlog in te neem nie, was die reaksie van Israel by die Berg Sinai net voordat die Tien Gebooie aan hulle gegee is.

> Eksodus 19:5-8 As julle My gehoorsaam en julle aan my verbond hou, sal julle uit al die volke my eiendom wees, 'n koninkryk wat My as priesters dien, en 'n gewyde nasie. Die hele aarde behoort immers aan My.' Dit is wat jy aan die Israeliete moet vertel." (7) Moses het toe afgeklim en die leiers van die volk bymekaargeroep en vir hulle alles vertel wat die Here hom beveel het. (8) Daarna het die volk soos een man geantwoord: "**Alles wat die Here gesê het, sal ons doen**." Moses het vir die Here gaan sê wat die volk geantwoord het.

Terwyl die Israeliete in Egipte was, het God beloof dat Hy alles vir hulle sou doen met die uittog uit die land Egipte. Hy het belowe om sewe dinge vir hulle te doen.

> Eksodus 6:5-7 Daarom moet jy vir die Israeliete sê: Ek is die Here. [1] *Ek sal* julle van die dwangarbeid van Egipte bevry. [2] *Ek sal* julle van die verknegting verlos, [3] *Ek sal* julle vrymaak met mag en met groot reddingsdade. [4] *Ek neem* julle aan as my volk en [5] *Ek sal* julle

> God wees. Dan sal julle besef dat Ek, die Here, julle God is wat julle van die dwangarbeid van Egipte bevry. [6] *Ek sal* julle bring na die land toe wat Ek met 'n eed aan Abraham, Isak en Jakob belowe het. [7] *Ek sal* dit julle eiendom maak. Ek is die Here."

Daar is geen belofte dat God hulle sal help om hulle vyande in die land Kanaän te vernietig nie. Hierdie beloftes van God was absoluut wonderlik. Hoe het die Israeliete gereageer?

> Eksodus 6:8 Dit het Moses toe aan die Israeliete vertel, maar in hulle moedeloosheid oor die harde werk het hulle nie na hom geluister nie.

Hulle het geweier om te glo dat God dit vir hulle sou doen. Hulle het geglo dat God hulle in slawerny geplaas het en hulle het Hom blameer vir hulle lyding. Daarom kon hulle God nie vertrou om hulle te red nie.

God het in elk geval voortgegaan om hulle uit Egipte te lei, soos Hy aan Abraham, Isak en Jakob belowe het. Hulle kon sien dat hulle bevry is toe hulle aan die voete van die Berg Sinai gekom het en God het weereens sy beloftes om hulle te seën, aan hulle uiteengesit.

Hulle reaksie was dat hulle alles wat God aan hulle belowe het om te doen, self sou doen. "Alles wat die Here gesê het, sal ONS doen." God het gesê, "Ek sal" dit doen, maar Israel het gesê dat hulle dit sou doen.

In plaas daarvan om te rus in die genade van God, het hulle aan die Here meegedeel dat hulle die opdrag sou voltooi wat God belowe het om vir hulle te doen. Wat kon God doen toe hulle Sy beloftes aan hulle verdraai het? In Sy groot liefde het Hy hulle verdra en toegelaat dat hulle hul eie weg baan deur die land in te neem met oorlogvoering. Dit was nie Sy plan nie, maar Hy het saam met hulle opgetrek en probeer om aan hulle belangrike lesse oor te dra deur hul wanopvatting.

## Veertig Jaar Later…

Die Israeliete het herhaaldelik hul vrees dat God hulle in die woestyn sal doodmaak, verklaar. Soos ons bietjie later sal sien, sou God toelaat dat hul eie siening van God sou lei tot hul eie oordeel. 'n Hele geslag is in die woestyn

dood aan die hand van die vernietiger, wat hulle in afgodediens mislei het om te glo in ‘n god wat hulle wou vernietig in die woestyn.

> Job 3:25 Wat ek gevrees het, het oor my gekom; waarvoor ek bang was, het my getref.

Job het grootliks gevrees dat rampe hom sou tref. Kon die rede dat die rampe hom getref het deels as gevolg van sy vrese wees? Kan ‘n aanhoudende vrees vir die Nuwe Wêreldorde en konsentrasiekampe bydra dat Satan toegelaat word om dit oor ons te bring?

Toe die veertig jaar om was en ‘n hele geslag in die woestyn omgekom het, het hulle weer by die grens gekom. Die sonde van die vaders was steeds in die monde van hul kinders:

> Numeri 21:5 Op pad daarheen het die volk ongeduldig geword en teen God en Moses uitgevaar: “Waarom het U ons uit Egipte laat trek net om in die woestyn te sterwe? Hier is nie brood en water nie, en ons is sat vir hierdie slegte kos.”

Deur aanhoudend te dink aan die donder kant van hul ervarings, het hul hulself meer en meer van God vervreem. Selfs toe hulle vir hulself moeilikheid op die hals gehaal het en hul lot heelwat swaarder gemaak het as wat God dit bedoel het, het hulle die blaam op God geplaas. Elke dag van hul reis is hulle deur goddelike genade behou, omdat God hulle gelei het “deur hierdie groot en gevaarlike woestyn vol giftige slange en skerpioene; dit is Hy wat vir jou water uit die klipharde rots laat vloei het in hierdie dor land sonder water.” (Deuteronomium 8:15).

> Deuteronomium 29:2-5 Moses het die hele Israel bymekaargeroep en vir hulle gesê: “Julle het self ondervind wat die Here alles voor julle oë met Egipte, met die farao en al sy amptenare en met sy hele land gedoen het: (3) die groot rampe wat julle self gesien het, die tekens, daardie groot wonderdade. (4) En tog het die Here tot nou toe nie vir julle verstand gegee om te verstaan, oë om te sien en ore om te luister nie. (5) Ek het julle veertig jaar deur die woestyn gelei: julle klere het nie aan julle liggame verslyt en julle skoene het nie stukkend afgeval van julle voete af nie.

Indien die mense ten spyte van al hierdie tekens van Sy liefde steeds aanhou kla het, sou die Here sy beskerming onttrek het, deur toe te laat dat hulle buite Sy beskermingsmuur beweeg, totdat hulle gelei word om sy genadige sorg te waardeer en na Hom terugkeer deur nederige bekering. God doen dit binne die raamwerk van ons vrye wil; Hy sal nie sy beskerming op ons afdwing nie; maar Hy sal ons ook nie totaal op ons eie laat nie. Hy sal die gevolge van ons optrede bemiddel op so ‘n manier dat dit ons tot erkenning van ons toestand bring.

> Prediker 10:8 Wie 'n sloot grawe, val self daarin [Sien Numeri 16], wie 'n muur afbreek, word deur 'n slang gepik [Sien Numeri 21].

> Psalm 80:13, 15-16 Waarom het U die mure om hom afgebreek? Al die verbygangers stroop hom… (15) Almagtige God, kyk tog uit die hemel af en ontferm U weer oor hierdie wingerdstok, neem hom weer onder u sorg. (16) Hou in stand wat U met u eie hand geplant het, die wingerdstok wat U vir Uself gekweek het!

## In Ongehoorsaamheid Slaan Moses die Rots

Die Israeliete was besig om verder en verder van God weg te beweeg; hulle kapasiteit om Sy karakter te waardeer het grootliks verminder. Na veertig jaar het Israel weereens gekla oor ‘n tekort aan water en dieselfde reaksie getoon, maar nou meer direk.

> Numeri 21:5 Op pad daarheen het die volk ongeduldig geword (5) en teen God en Moses uitgevaar: “Waarom het U ons uit Egipte laat trek net om in die woestyn te sterwe?

Satan het gedurende die hele tydperk vir Moses versoek om hierdie mislike wrakke te versaak. God het Moses oor hierdie saak getoets nadat Moses op die berg saam met God was onderwyl die mense die goue kalf aanbid het. (Eksodus 32:9-14). Genadiglik het Moses gereageer met die Gees van Christus deur die Here te vra om hierdie mense te vergewe, wat God genadiglik gedoen het. Op hierdie stadium sien Moses egter dat die mense erger as tevore is, sodat Moses toegee aan die versoeking.

> Numeri 20: 10-11 en hy en Aäron het die volk by die rots laat bymekaarkom. Moses het vir hulle gesê: “Luister, julle wat julle teen

> die Here verset! Luister! Moet ons vir julle water uit hierdie rots laat kom?” (11) Toe lig Moses sy hand op en hy slaan die rots twee keer met die kierie. Daar het baie water uitgekom, en die volk en hulle vee het gedrink.

Toe Moses aan hierdie versoeking toegegee het, het dit Satan groter toegang tot die gemoedere van die Israeliete gegee. Hy het vir hulle gebid en baie kere tussen hulle en Satan gestaan. Nogtans het hierdie stap aan Satan die oorhand gegee. Satan het hom verheug dat hy as gevolg van hierdie mislukking Aäron se lewe kon neem.

> Numeri 20:24 “Die tyd het gekom dat Aäron moet sterf. Hy sal nie in die land kom wat Ek aan die Israeliete gee nie, omdat julle twee julle verset het teen my bevel by die Meribawaters.”

## Israel Maak ‘n Gelofte

Noudat Satan groter toegang tot die denke van die Israeliete gehad het, het Satan hulle gebring om ‘n ooreenkoms met God aan te gaan, die God wat hulle gedink het sal doodmaak. Hulle is as gevolg van hulle sonde deur ‘n ander stam aangeval en uit desperaatheid maak hulle ‘n gelofte aan God:

> Numeri 21:1-3 Toe die Kanaänitiese koning Arad wat in die Suidland woon, verneem dat Israel in die rigting van Atarim optrek, het hy teen hulle gaan veg en 'n aantal van hulle gevange geneem. (2) **Israel het 'n gelofte aan die Here gedoen: “As U hierdie volk en hulle stede in ons mag gee, sal ons hulle stede as banoffers aan U offer.” (3) Die Here het die gebed verhoor** en die Kanaäniete in Israel se mag oorgegee. Hulle het toe die Kanaäniete verslaan en hulle stede heeltemal verwoes. Daarom word die plek Gorma genoem.

God het nie die Israeliete gevra om hul vyande te vermoor nie. Hul wanopvatting van God het veroorsaak dat hulle geglo het dat Hy wou gehad het hulle moes so ‘n bloeddorstige gelofte maak. Die *1953 Afrikaanse Bybel* sê, “Die HERE het gehoor na die stem van Israel en die Kanaäniete oorgegee.” (Númeri 21:3) Hoekom het God gehoor gegee aan die stem van Israel? Sou dit nie verder hul geloof versterk het dat God wou hê dat hulle hul vyande

moes doodmaak nie? Die antwoord word gevind in die gelykenis van die talente:

> Lukas 19:20-23 “Nog 'n ander het gekom en gesê: ‘Meneer, hier is u muntstuk. Ek het dit in 'n doek gebêre. (21) Ek was bang vir u, want u is 'n harde man. U eis op wat u nie belê het nie, en oes wat u nie gesaai het nie.’ (22) Toe sê hy vir hom: ‘**Met jou eie woorde sal ek jou veroordeel. Jy is 'n slegte slaaf!** As jy geweet het ek is 'n harde man wat opeis wat ek nie belê het nie, en oes wat ek nie gesaai het nie, (23) waarom het jy dan nie my geld in die bank gesit nie? Dan sou ek dit by my terugkoms darem met rente kon getrek het.’

Die lui slaaf het hom verbeel dat die Here ‘n “harde man” is. Die Afrikaanse Nuwe Lewende Vertaling sê dat hy ‘n “hardvogtige besigheidsman” is. Hy het sy oordeel ontvang soos hy geglo het. Soos die Skrif sê:

> Jakobus 2:12-13 Praat en tree dan op soos mense wat geoordeel sal word volgens die wet wat vrymaak. (13) Die oordeel sal onbarmhartig wees oor dié wat nie barmhartigheid betoon nie. Maar barmhartigheid triomfeer oor die oordeel.

God het toegelaat dat die mens, met sy wanopvatting oor Hom, geoordeel word volgens sy eie opvanttings. Hoe doen God dit?

> Galasiërs 6:7 Moenie julleself mislei nie: God laat nie met Hom spot nie. Wat 'n mens saai, dit sal hy ook oes.

> Exodus 34:7 [God] wat die goedertierenheid bewaar vir duisende, wat ongeregtigheid en oortreding en sonde vergewe, maar nooit ongestraf laat bly nie; wat die ongeregtigheid van die vaders besoek aan die kinders en aan die kindskinders, aan die derde en aan die vierde geslag. (1953 Afrikaanse Bybel)

Die nasies om Israel het te ver gegaan om die beskerming van God se genade te behou. Israel het geweier om die waarheid van die liefdevolle karakter van God te aanvaar. Hulle het steeds gedink dat Hy hulle, asook die ander, wou skade aandoen. Toe Israel die gelofte gedoen het aan God om hul vyande te oorwin, het Hy aan hulle gehoor gegee, nie as beloning vir hul getrouheid nie, maar om hulle oor te gee aan hul wanopvatting van God, asook om sonde met sonde te bestraf (in hierdie geval is die sonde van die Kanaäniete gestraf

met die sonde van die Israeliete.) "Die onheil maak die goddelose dood..." (Psalm 34:22 - 1953 Afrikaanse Bybel). Hy het die sonde van die vaders besoek aan die kinders, soos Hy gesê het Hy sal doen. Deur die Israeliete toe te laat om hul vyande binne hierdie konteks te oorwin, is hulle toegelaat om vas te staan in hul oortuiging dat God 'n moordenaar is. Hy het vir 'n lang tyd probeer om aan hulle Sy ware karakter te wys deur baie seën oor hulle uit te stort, maar op die ou einde is hulle toegelaat om aan hul wrede valse geloof vas te hou en daardeur geoordeel te word. Dieselfde beginsel word baie jare later aan die ongelowige Joodse leiers voorgelê:

> Handelinge 13:46 Paulus en Barnabas het reguit vir hulle gesê: "Die woord van God moes eerste aan julle verkondig word. Maar omdat julle dit verwerp en **daarmee beslis** dat julle die ewige lewe nie werd is nie, gaan ons nou na die mense toe wat nie Jode is nie.

## God Gee aan Israel Hul eie Begeertes

Net voor Israel se eerste mislukking op die grens van Kanaän vind ons dat Israel kla omdat hulle nie vleis het om te eet nie. Hulle huil in hul tente, want hulle wil graag vleis hê om te eet. Moses begin hier teenoor die Here te kla oor die laste wat hy moet dra.

> Numeri 11:10-11 Moses het die volk hoor kla, elke familie by die ingang van sy tent. Die Here het hieroor baie kwaad geword, en dit was ook verkeerd in Moses se oë. (11) Moses sê toe vir die Here: "Waarom behandel U my so sleg, waarom is U my nie goedgesind nie, dat U die verantwoordelikheid vir hierdie hele volk op my gelaai het?

Hierdie toets van Moses onthul karaktereienskappe wat steeds sy wan-opvatting van God reflekteer.

> Numeri 11:14-15 Ek sien nie langer kans om hierdie hele volk alleen te dra nie, want dit is te swaar vir my. (15) As U so met my wil maak, kan U my gerus maar om die lewe bring as U my goedgesind is. Hierdie slegte behandeling kan ek nie meer verduur nie."

Moses vra die Here om hom om die lewe te bring om sy laste te verlig. Ons het vroeër gesien dat Elia 'n soortgelyke ondervinding met Isebel gehad het. Enigiemand wat al totaal oorweldig is deur hul omstandighede, kan Moses se

gevoelens verstaan. Nogtans openbaar dit ‘n wantroue in God en in Sy weë. Om Moses by te staan, het God opdrag gegee:

> Numeri 11:16 Die Here het vir Moses gesê: “Bring vir My sewentig van Israel se leiers, mense van wie jy weet dat hulle leiers en ampsdraers van die volk is. Neem hulle na die tent van ontmoeting toe en laat hulle daar by jou staan.

Dit was steeds nie God se oorspronklike plan om hierdie sewentig mans te verorden nie. Hierdie mans sou nooit gekies wees indien Moses sy geloof beoefen het in ooreenstemming met God se krag en goedheid wat hy aanskou het nie. Indien hy God heeltemal vertrou het, sou die Here hom altyd gelei het; God sou hom versterk het vir elke nood.

Een van die eerste kwessies wat vorendag gekom het, was dat Aäron en Mirjam gekwets gevoel het deurdat Moses sewentig ouderlinge aangestel het sonder om hulle te raadpleeg (Numeri 12). Dit het gelei tot verdere probleme.

Die Here het aan die Israeliete die begeerte van hul hart gegee, naamlik vleis.

> Numeri 11:18-20 Vir die volk moet jy sê: Reinig julle vir môreoggend, dan sal julle vleis eet. Die Here het gehoor hoe julle kla en sê: ‘As ons tog net vleis gehad het om te eet; in Egipte was dit vir ons goed!’ Die Here sal vir julle vleis gee, en julle sal eet! (19) Julle sal nie net een dag of twee of vyf of tien of twintig dae eet nie, (20) maar 'n hele maand lank, totdat julle daarvan naar word en daarvan walg, omdat julle die Here wat by julle is, getart het, en Hom verwyt het met die woorde: Waarom is ons tog uit Egipte weg?”

> Psalm 78:26-29 Hy het die oostewind laat opsteek en deur sy krag die suidewind laat waai. (27) Soos sandkorrels, so baie voëls het Hy op hulle laat reën, voëls so volop soos die sand van die see. (28) Hy het dit in die kamp rondom hulle tente laat val. (29) Hulle het geëet, meer as genoeg, **Hy het vir hulle gegee wat hulle gevra het**.

Op dieselfde manier het God gehoor gegee aan die gelofte wat Israel gemaak het om koning Arad van Kanaän te vernietig. Hy het vir hulle dit gegee wat nie vir hulle beswil was nie, want hulle wou dit so hê. Hy het later dieselfde

gedoen toe Israel 'n koning wou hê, soos al die ander nasies, om hulle te oordeel:

> 1 Samuel 8:4-9 Al die leiers van Israel het bymekaargekom en na Samuel toe in Rama gegaan. (5) Hulle het vir hom gesê: "Kyk, u het oud geword. U kinders is nie soos u nie. Stel nou liewer 'n koning oor ons aan om oor ons te regeer, soos dit by al die nasies is." (6) Maar vir Samuel was dit verkeerd dat hulle gesê het: "**Gee ons tog 'n koning om oor ons te regeer."** Samuel het tot die Here gebid, (7) en die Here het vir hom gesê: "**Gee toe aan die versoek van die volk in alles wat hulle van jou vra. Hulle het jóú nie verwerp nie; hulle het Mý verwerp as koning oor hulle**. (8) Hulle het nou ook met jou gemaak wat hulle met My gedoen het sedert Ek hulle uit Egipte laat trek het tot nou toe: **hulle het My verlaat** en ander gode gedien. (9) **Gee nou maar toe aan hulle versoek.** Stel die saak net baie duidelik aan hulle: sê vir hulle wat die reg van die koning is wat oor hulle sal regeer."

> Hosea 13:9-11 Ek het jou vernietig, Israel, Ek wat jou eers gehelp het. (10) Waar is jou koning dan nou? Laat hy jou help in al jou stede! Waar is jou regeerders van wie jy gesê het: "Gee vir my 'n koning en amptenare"? (11) **Ek gee vir jou 'n koning in my toorn** en Ek vat hom weg in my woede!

In die aanstelling van die sewentig ouderlinge en in die gebeure rondom die kwartels sien ons hoe God dinge aan hulle gee wat hulle wou hê, terwyl Hy weet dat dit nie die beste is vir hulle nie.

## Onttroning van die Afgod van Tereur

God maak die mees verbasende stelling deur Esegiël:

> Esegiël 14:4-5 Praat met hulle, sê vir hulle: So sê die Here my God: Wanneer 'n Israeliet waarde heg aan afgode en so in sonde verval is dat hy net ag gee op sy afgode, en hy kom na 'n profeet toe, **sal Ek, die Here, met hom praat soos dit by sy afgodery pas**. (5) **Ek sal Israel** wat My ter wille van al hulle afgode verlaat het, **my harde hand laat voel**.

Adam Clarke lewer die volgende kommentaar op Esegiël 14:

> “Ek het op heelwat plekke die opmerking gemaak dat dit algemeen voorkom in die Hebreeuse taal dat iets deur die Here gedoen word, terwyl Hy dit eintlik maar net toelaat; want God regeer so absoluut en universeel dat daar niks is, hoe klein ookal, wat gebeur sonder Sy medewete of toegewing nie.” (Vertaal uit: *Adam Clarke’s Commentary*)

Ons sien die beginsel wat in Esegiël 14 beskryf word omtrent God wat die mens antwoord volgens hul afgode, toegepas in die volgende situasie:

> Eksodus 23:27 Ek sal die skrik [afgod] vir My voor jou uit stuur [vrylaat] en Ek sal alle volke met wie jy in aanraking kom, in verwarring bring [verbluf, treiter]. Ek sal al jou vyande laat vlug [stywe nek]. *[woorde in hakies is ingevoeg]*

Die omliggende nasies van Kanaän se siening van God was een van ‘n wraakgierige en moorddadige God. Die feit dat sommige van hierdie nasies hul kinders aan afgode geoffer het, het openbaar hoe hulle die natuur van hul tiranniese en moorddadige afgode beskou. Die woord *vrees* in Eksodus 23:27 kan vertaal word as *afgod,* soos in die geval van Jeremia 50:38.

> Jeremia 50:38 lê droog sy gragte dat hulle opdroog; hy is 'n land vol **afgodsbeelde** wat mal word van die skrik wat hulle tref.

As gevolg van hierdie nasies se aanbidding van afgode van tereur en dood, het God toegelaat dat Israel op hierdie nasies bring wat hulle gevrees en geglo het. Paulus maak melding van die heidenne:

> Romeine 1:32 Hulle is mense wat die verordening van God ken dat dié wat sulke dinge doen, die dood verdien, en tog doen hulle nie net self hierdie dinge nie, maar hulle vind dit ook goed as ander dit doen.

Die skuldgevoelens van sonde het gemaak dat die Kanaäniete die dood en vernietiging gevrees het. Nadat Satan die hart van Israel vasgevang het in die geloof dat God wil hê dat hulle hierdie mense moet doodmaak, was dit vir hom moontlik om Israel te bring tot ‘n gelofte om hierdie nasies te vernietig, aangesien hulle nie meer God se beskerm gehad het nie, omdat hul beker van ongeregtigheid gevul is. Die tereur van hul afgode wat hulle aanbid het, het op hulle neergekom, net soos wat God bekend gemaak het. Ongelukkig

het dit deur die toedoen van die Israeliete, in plaas van deur selfvernietiging, gebeur.

## Genadelose Oordeel

Een van die duidelike aanduidings dat God aan Israel hul eie begeertes gegee het, is die stelling in Deuteronomium 7:2

> Deuteronomium 7:1-2 …Wanneer die Here jou God hierdie sewe nasies wat groter en sterker is as jy, (2) in jou mag oorgee en jy hulle verslaan, moet jy hulle om die lewe bring as banoffer aan die Here jou God. Jy mag hulle nie jammer kry en 'n verbond met hulle sluit nie.

Die opdrag om die vyande totaal te vernietig sonder om hulle jammer te kry, was nie ‘n weerspieëling van die ware God van die hemel nie. Dit was eerder in harmonie met die god wat hulle gedink het hulle dien. Die Bybel sê die oordeel is onbarmhartig teenoor dié wat onbarmhartig is:

> Jakobus 2:13 Die oordeel sal onbarmhartig wees oor dié wat nie barmhartigheid betoon nie. Maar barmhartigheid triomfeer oor die oordeel.

Hierdie vers kan op twee maniere gelees word. Die wat onbarmhartig is, sal onbarmhartig wees teenoor ander; en dié wat geen barmhartigheid bewys nie, sal ook geen barmharigheid ontvang wanneer hulle geoordeel word nie. Die gedagte van onbarmhartigheid weerspieël die gedagtes van Satan.

Die Skrif sê dat God altyd genadig en barmhartig is.

> Eksodus 34:6 Terwyl Hy by Moses verbygaan, roep die Here: “Ek, die Here, is die barmhartige en genadige God, lankmoedig, vol liefde en trou…

> 1 Kronieke 16:34 Loof die Here, want Hy is goed, aan sy liefde is daar geen einde nie!

God se oordeel sluit nooit Sy genade en barmhartigheid uit nie. Satan het dit uitgedink. Ons sien dit in ‘n algemeen-gebruikte denkpatroon in die Hebreeuse taal, nl. *Hebreeuse parallelisme*. Die twee vetgedrukte woorde beteken dieselfde en die kursiewe woorde beteken dieselfde:

> Psalm 89:15 U troon is gebou op **geregtigheid** en *reg*, **liefde** en *trou* staan in u diens.

> Psalm 89:14 **Justice** and *judgment* are the habitation of thy throne: **mercy** and *truth* shall go before thy face. [King James Version]

Teen die tyd dat Israel ‘n gelofte aan God gedoen het om die Kanaänitiese koning te vernietig, is hulle totaal deur die gees van Satan beheer. Hulle het gekla en gemurmureer teen God en teen Hom gerebelleer by elke moontlike geleentheid. God het hulle gewaarsku en aangemoedig om Sy gebooie na te kom:

> Deuteronomium 4:1 “Israeliete, julle moet luister na die voorskrifte en die bepalings waarin ek julle onderrig. Julle moet daarvolgens lewe, dan sal julle bly lewe en die land binnegaan en in besit neem wat die Here die God van julle voorvaders vir julle sal gee.”

> Deuteronomium 8:1 “Jy moet elke gebod wat ek jou vandag gee, gehoorsaam en daarvolgens lewe. Dan sal jy bly lewe, baie word, die land ingaan en dit in besit neem soos die Here met 'n eed aan jou voorvaders beloof het.”

Nogtans het Israel geweier om God te gehoorsaam en daarom kon Satan hul begeerte tot genadelose oordeel beheer. God het aan Israel hul eie begeerte gegee, selfs al was dit nie wat Hy beplan het nie. Hy het ook aan die heidense nasies gegee wat hulle gevrees het, omdat hulle nie langer God se beskerming kon geniet nie. Dus het Satan die Israeliete gebruik om die Kanaäniete te vernietig. Deur dit te doen het Satan miljoene tot hul dood gelei deur hul wanopvatting van God se karakter as iemand wat mense vermoor en vernietig. Satan sou van toe af altyd hierdie voorbeeld gebruik om gelowiges aan te spoor tot ‘n fisiese oorlogstryd teen hulle vyande. Hy is in sy noppies as bloed vergiet word deur gelowiges en God se naam gehaat word deur nie-gelowiges.

## ‘n Vugtige Blik op Heerlikheid

Ons kry ‘n vlugtige blik op die heerlikheid van God in Sy plan om Sy vyande te hanteer sonder om wapens op te neem, deur verses soos hierdie:

Josua 24:11-12 "Julle het deur die Jordaan getrek en by Jerigo gekom. Die mense wat in besit was van Jerigo, die Amoriete, Feresiete, Kanaäniete, Hetiete, Girgasiete, Hewiete en Jebusiete, het teen julle oorlog gemaak, maar Ek het hulle in julle mag oorgegee. (12) Ek het al vantevore die twee Amoritiese konings laat moed verloor, en dít het hulle voor julle uit verdryf, **nie julle swaarde en julle pyl en boë nie**.

2 Kronieke 20:17-23 Julle hoef nie te veg nie, neem net posisie in en staan en kyk na die oorwinning van die Here vir julle. Moenie vrees nie, Juda en Jerusalem, moenie bang wees nie. Trek hulle môre tegemoet. Die Here sal by julle wees." (18) Toe kniel Josafat, en al die mense van Juda en Jerusalem het voor die Here gebuig en Hom eer betoon.
(19) Daarna het die Leviete van die Kehat- en die Koraggroepe opgestaan en die Here die God van Israel uit volle bors geprys.
(20) Josafat-hulle is die volgende môre vroeg uit na die Tekoawoestyn toe. Terwyl die manne vertrek, het Josafat daar gestaan en hulle toegespreek: "Luister na my, Juda en inwoners van Jerusalem! Stel julle vertroue in die Here julle God, en julle sal vas staan. Stel julle vertroue in sy profete, en dit sal goed gaan met julle." (21) **Josafat het met die volk oorleg gepleeg en toe sangers laat plek neem voor die gewapende manne. Hulle het vooruit geloop in hulle gewyde klere en die Here geloof met die woorde: "Loof die Here, aan sy liefde is daar geen einde nie."** (22) Juis toe, toe die sangers met die lofprysing en gebed begin, het die Here onverwagte aanvalle bewerk [oorgegee] op die Ammoniete, die Moabiete en die mense van die Seïrberge wat teen Juda opgetrek het, en hulle het die een neerlaag na die ander gely.
(23) Toe val die Ammoniete en die Moabiete die inwoners van die Seïrberge aan en spaar niemand nie en roei hulle uit. En toe hulle klaar was met die inwoners van Seïr, het hulle mekaar begin uitdelg.

Dit was dus nie God se oorspronklike plan om die land Kanaän aan hulle te gee deur oorlogvoering nie. Deur die aanhoudende vrees van Israel dat God hulle wou doodmaak en deur hulle wantroue in Sy liefdevolle sorg, was Satan by magte om hulle te verlei tot op die punt waar hulle geloftes tot God afgelê het dat hulle die Kanaäniete en ander heidennasies sou vernietig. Israel is die oorwinning gegee in die stryd, maar Satan het die stryd teen die karakter van God gewen. Israel is verslaan deur hulle oorwinning en gebring tot 'n wanopvatting van God.

## Aanskou God in die Lig van Christus

In hierdie laaste dae word ons die geleentheid gegun om die ware karakter van God te aanskou. In die aangesig van Jesus Christus kan ons die ware bedoelings van ons hemelse Vader begin ontdek.

> Johannes 14:8-10 Toe sê Filippus vir Hom: "Here, wys vir ons die Vader, en dit is vir ons genoeg." (9) En Jesus sê vir hom: "Ek is al so lank by julle, en ken jy My nie, Filippus? **Wie My sien, sien die Vader**. Hoe kan jy dan sê: 'Wys vir ons die Vader'? (10) Glo jy nie dat Ek in die Vader is en die Vader in My nie? Die woorde wat Ek met julle praat, praat Ek nie uit my eie nie; maar **dit kom van die Vader wat in My bly en sy werke doen.**

> Johannes 17:3-4 En dit is die ewige lewe: dat hulle U ken, die enigste ware God, en Jesus Christus, wat deur U gestuur is. (4) **Ek [Jesus] het U op die aarde verheerlik** deur die werk te volbring wat U My gegee het om te doen.

Jesus is "die beeld van God, van God wat self nie gesien kan word nie." (Kolossense 1:15); "Uit Hom straal die heerlikheid van God en Hy is die ewebeeld van die wese van God." (Hebreërs 1:3). Hoeveel mense het Jesus met die swaard doodgemaak? Hoeveel het Hy met vuur verbrand? Hoeveel kinders het Hy met 'n swaard deurboor? Gééneen nie… Dié wat idees koester dat God gekom het om menselewens met die swaard te vernietig, word herinner aan die woorde van Jesus:

> Lukas 9:55-56 Maar Hy draai Hom om en bestraf hulle en sê: Julle weet nie van hoedanige gees julle is nie; (56) want die Seun van die mens het nie gekom om die mense se lewe te verderf nie, maar te red. En hulle het na 'n ander dorp vertrek. (1953 Afrikaanse Bybel)

Wanneer ons die leuen glo dat God persoonlik menselewens van dié wat Hom teenstaan neem, sal ons vind dat Jesus na ons toe kom gedurende die tyd van Jakob se benoudheid as 'n vyand en ons sal moed opgee voordat ons Sy seën ontvang het. Slegs dié wat ons Vader ervaar as waarlik genadig, sal in staat wees om deur te druk en verseël te word teen die leuen van Satan dat God 'n tiran is wat ons moet vrees. Dit verg die gebeure van Jakob se benoudheid om hierdie onmenslikheid teen God ten volle na vore te bring

(Jeremia 30:7); hierdie vrees wat maak dat ons God beskou as 'n persoonlike moordenaar van diegene wat anders as Hy dink.

Sal Satan jou verslaan in die oorwinning van Israel oor Kanaän met die swaard, of sal jy ons genadige Vader sien as Een wat toelaat dat mense hul eie begeertes kry, wat hul eie weg inslaan tot en met die voleinding daarvan? Kies dan vir julle vandag wie julle wil dien; maar ek en my huis, ons sal die ewig-genadige Here dien, Een wat nooit die ongeregtigheid ongestraf laat bly nie, maar Wie die koring en die onkruid saam laat groei tot die oestyd, wanneer elkeen se hart geopenbaar sal word.

# Oorwinning in Kanaän

Hoe kan ons die woorde van Christus versoen met Israel se volslae vernietiging van nasies met die swaard?

> Matteus 26:52 …want almal wat na die swaard gryp, sal deur die swaard omkom.

Nie net mans nie, maar ook vroue en kinders:

> Deurteronomium 2:34 In daardie tyd het ons al sy stede verower en verwoes. Van hulle mans, vrouens en kinders het ons niemand laat vrykom nie.

Het die Israeliete werklik in ooreenstemming met die karakter van God opgetree? Hoekom was hulle gedurig bevrees dat God hulle in die woestyn sal doodmaak? Was die diepe slaap wat oor Abraham gekom het, enigsins verwant aan die oorlog waarin hy die swaard opgeneem het om Lot en sy familie te red?

Het die vernietiging van die Sigemiete deur Levi and Simeon enige invloed gehad op die gelofte van Israel om hul vyande totaal te vernietig?

Behoort ons te weet? As jy nie uitvind nie, mag jy dalk vind dat Christus na jou kom soos Hy Jakob genader het in sy tyd van benoudheid en sal jy Hom dan as die vyand sien. Deur slegs op die genade van God te vertrou het Jakob oorwin as die ware Israel van God.